# Paasfeesvoorbereiding vir die gesin

**Voorbereiding:** Sit ‘n kruis iewers in die huis of tuin neer ter voorbereiding vir Paasfees.

## Dag 1:
## Jesus is die INGANG

**Lees** Gen 6:5-7:24

**Bespreek** Watter ooreenkomste is daar tussen wat Jesus aan die kruis kom doen het en die ark?

**Lees** Joh 10:7-10 en Matt. 7:13-14

**Waarheid** Die mense binne en buite die ark was in die storm, maar net die mense wat in die ark was het oorleef.
Ons gaan almal geoordeel word wanneer Jesus weer kom en net die wat in Jesus is, sal ewig bly lewe.

**Prakties** Kry ‘n houer wat die ark voorstel. Skryf elke gesinslid se naam op ‘n papiertjie. Almal wat kies om hulle lewe aan Jesus oor te gee, se name moet binne in die houer gesit word. Doen dan ‘n gebed van oorgawe en dank Jesus vir Sy verlossing. Plaas die simboliese ark by die kruis om julle daaraan te herinner dat Jesus die ingang is.



**Memoriseer**

Joh. 10:9
Ek is die ingang; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word.

# Paasfeesvoorbereiding vir die gesin

## Dag 2:
## Jesus is die LAM VAN GOD

**Lees** Gen. 22:1-19

**Bespreek** Aan watter ooreenkomste en die verskille tussen Isak en Jesus kan julle dink?

**Lees** Joh. 1:29-31, 36, 1 Pet. 1:18-21, Openb. 5:11-14

**Waarheid** Net soos wat Isak die hout moes dra en sy Vader moes vertrou, het Jesus Sy kruis gedra en Sy Vader vertrou. God wil hê dat alle mense moet lewe en daarom het Hy vir Jesus, die Lam van God, in ons plek vir ons sondes laat sterf.

**Prakties** Plaas 'n simbool (bv. 'n speelgoedskapie of wol) by die kruis wat julle daaraan herinner dat Jesus die Lam van God is wat in ons plek gesterf het.

**Memoriseer**

Openb. 5:12
"Die Lam wat geslag was, is waardig om die mag en rykdom, die wysheid en sterkte, die eer, heerlikheid en lof te ontvang."



# Paasfeesvoorbereiding vir die gesin

## Dag 3:
## Jesus is die enigste WEG

**Lees** Eks. 14:15-26, 30, Joshua 3:14-4:7

**Bespreek** Die Here het eers 'n pad deur die Rooisee gemaak sodat die volk vry kon kom van die onderdrukking van Egipte. Daarna het Hy weer 'n pad deur die Jordaanrivier gemaak sodat hulle in die beloofde land kon kom. Hoe stem dit ooreen met wat Jesus vir ons kom doen het?

**Lees** Joh. 14:1-6

**Waarheid** Jesus het aan die kruis 'n pad vir ons kom maak sodat ons vry kan kom van ons sondes en dat ons na ons Vader in die hemel, ons beloofde land, kan gaan.

**Prakties** Sit 'n klip by die kruis neer om julle daaraan te herinner dat Jesus die weg na die hemel is.

**Memoriseer**

Joh. 14:6
"Jesus het vir hom gesê: 'Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.'"



# Paasfeesvoorbereiding vir die gesin

## Dag 4:
## Jesus is die WEG na die VADER

**Lees** Eks. 26:31-35 en Lev. 16:1-7

**Bespreek** Hoe dink julle sou die lewe gewees het as ons altyd deur iemand anders met God moes praat?

**Lees** Luk. 23:44-46 en Heb. 10:19-25

**Waarheid** Ons kan nie in God se Heilige teenwoordigheid ingaan as ons vuil en vol sonde is nie. As ons Jesus aangeneem het, kan ons na die Vader gaan, want Hy het al ons sondes wat ons al gedoen het, en ook die wat ons nog gaan doen, op Hom geneem en ons geheilig. Ons is nie sondeloos nie; Jesus dra net ons sondes namens ons.

**Prakties** Gee vir elke gesinslid 'n lap wat hulle middeldeur kan skeur. Sit die geskeurde lappe by die kruis om julle daaraan te herinner dat Jesus verseker het dat ons met God kan praat.



**Memoriseer**

1 Joh. 5:14
"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra."

# Paasfeesvoorbereiding vir die gesin

## Dag 5:
## Jesus is die Brood vir die Lewe

**Lees** Eks. 16:13-21 en Eks. 16:31-32

**Bespreek** Wat wou God vir die Israeliete leer toe Hy gesê het dat hulle net genoeg manna vir elke dag mag optel?

**Lees** Joh. 6:47-58

**Waarheid** Net soos wat ons liggame kos nodig het om te groei, het ons geestelike lewens ook kos nodig om te groei. Wanneer ons Bybel lees en met Jesus praat, voed dit ons soos kos. Net soos kos en manna, het ons elke dag God se Woord nodig.

**Prakties** Gebruik as gesin saam nagmaal en sit 'n stukkie brood by die kruis neer om julle te herinner: Jesus het sy liggaam gegee sodat ons ewig kan lewe.

**Memoriseer**

Joh. 6:51
"Ek is die lewende brood wat uit die hemel gekom het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy ewig lewe."

